BYLAE 1

VEREISTES VIR EENHEDE

(Artikel 10)

1. **Kerneenhede**

'n Eenheid waarop kernplante verbou word, moet aan die volgende vereistes voldoen:

1.1 Die eenheid moet met 'n insekdigte kweekhuis bedek wees.

1.2 Die plante op die eenheid moet in houers gevestig wees in grond wat vry van vektore van wingerdnetelblaar is.

1.3 Die vloeroppervlakte van die kweekhuis moet op so 'n wyse bedek wees dat die wortels van plante wat in houers daarop gehou word, nie na die grond waarop die kweekhuis opgerig is, kan deurdring nie.

1.4 So 'n kweekhuis moet deur middel van 'n isolasiegebied van minstens twee meter wyd van ander wingerd en ander grond as rougrond geïsoleer wees.

1.5 Geen plante van enige soort mag in so 'n isolasiegebied voorkom nie tensy die gesag skriftelik toestemming daartoe verleen het.

1.6 Besproeiingswater wat in so 'n gebied gebruik word, moet -

1.6.1 nie deur dreinasie- of afloopwater uit enige ander wingerd besoedel wees nie; en

1.6.2 vry van vektore van alle bekende skadelike wingerd virussiektes asook vektore van fitoplasmas wees.
[Subparagraaf 1.6.2 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

2. **Grondveseenhede**

'n Eenheid waarop grondvesplante verbou word moet aan die volgende vereistes voldoen:

2.1 ……
[Paragraaf 2.1 geskrap deur R. 227 van 19 Maart 2021

2.2 Die plante op die eenheid moet -

2.2.1 in rougrond gevestig wees wat vry van vektore van wingerdnetelblaar is; of

2.2.2 in die geval van plante in houers, gevestig wees in grond wat vry van vektore van wingerdnetelblaar is.

2.3 ……
[Paragraaf 2.3 geskrap deur R. 227 van 19 Maart 2021]

2.4 Die eenheid moet deur middel van 'n isolasiegebied van enige ander wingerd en enige ander grond as rougrond geïsoleer wees.

2.5 So 'n isolasiegebied moet -

2.5.1 in die geval van 'n eenheid wat in 'n kweekhuis gevestig is, minstens een meter wyd wees; en

2.5.2 andersins minstens drie meter wyd wees.
[Subparagraaf 2.5.2 vervang deur R. 227 van19 Maart 2021]

2.6 Geen plante van enige soort mag binne drie meter van die eenheid voorkom nie tensy die gesag skriftelik toestemming daartoe verleen het.
[Paragraaf 2.6 vervang deur R. 227 van19 Maart 2021]

2.7 Besproeiingswater wat in so 'n eenheid gebruik word, moet vry van vektore van wingerdnetelblaar wees.
[Paragraaf 2.7 vervang deur R. 227 van19 Maart 2021]

3. **Grondveskwekery-eenhede**

'n Eenheid waarop grondveskwekeryplante verbou word, moet aan die volgende vereistes voldoen:

3.1 Die grond van die eenheid moet -

3.1.1 rougrond wees tensy grondveskwekeryplante voorheen daarop verbou was; en

3.1.2 vry van vektore van wingerdnetelblaar wees.

3.2 Indien 'n eenheid 'n kweekhuis is, moet die vloeroppervlakte van die kweekhuis op so 'n wyse bedek wees dat die wortels van plante wat in houers daarop gehou word, nie na die grond waarop die kweekhuis opgerig is, kan deurdring nie.

3.3 ……
[Paragraaf 3.3 geskrap deur R. 227 van 19 Maart 2021]

3.4 Die eenheid moet deur middel van 'n isolasiegebied van enige ander wingerd en enige ander grond as rougrond geïsoleer wees.

3.5 So 'n isolasiegebied moet -

3.5.1 in die geval van 'n eenheid wat in 'n kweekhuis gevestig is, minstens een meter wyd wees; en

3.5.2 andersins minstens drie meter wyd wees.
[Subparagraaf 2.5.2 vervang deur R. 227 van19 Maart 2021]

3.6 Geen plante van enige soort mag binne drie meter van die eenheid voorkom nie tensy die gesag skriftelik toestemming daartoe verleen het.
[Paragraaf 3.6 vervang deur R. 227 van19 Maart 2021]

3.7 Besproeiingswater wat in so 'n eenheid gebruik word, moet vry van vektore van netelblaarvirus wees.
[Paragraaf 3.7 vervang deur R. 227 van19 Maart 2021]

4. **Moedereenhede**

'n Eenheid waarop moederplante verbou word, moet aan die volgende vereistes voldoen:

4.1 ……
[Paragraaf 4.1 geskrap deur R. 227 van 19 Maart 2021]

4.2 Die grond van die eenheid moet vry wees van vektore van wingerdnetelblaar.
[Paragraaf 4.2 gewysig deur R. 43 van 28 Januarie 2011]

4.3 ……
[Paragraaf 4.3 geskrap deur R. 227 van 19 Maart 2021]

4.4 Die eenheid moet deur middel van 'n isolasiegebied van enige ander wingerd geïsoleer wees.

4.5 So ‘n isolasiegebied moet –

4.5.1 vry van enige plante van enige aard wees; en

4.5.2 minstens drie meter wyd wees.

[Paragraaf 4.5 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

5. **Kwekery-eenhede**

'n Eenheid waarop kwekeryplante verbou word, moet aan die volgende vereistes voldoen:

5.1 Die plante op die eenheid moet in grond wat vry van vektore van wingerdnetelblaar is, gevestig wees.
[Paragraaf 5.1 vervang deur R. 227 van19 Maart 2021]

5.2 Indien 'n eenheid 'n kweekhuis is, moet die vloeroppervlakte van die kweekhuis op so 'n wyse bedek wees dat die wortels van plante wat in houers daarop gehou word, nie na die grond waarop die kweekhuis opgerig is, kan deurdring nie.

5.3 ……
[Paragraaf 5.3 geskrap deur R. 227 van 19 Maart 2021]

5.4 Die eenheid moet deur middel van 'n isolasiegebied van enige ander wingerd geïsoleer wees.

5.5 So 'n isolasiegebied moet -

5.5.1 indien die betrokke ander wingerd uit gewortelde plante van 'n spesie van die genus *Vitis* bestaan, minstens drie meter wyd wees; en

5.5.2 indien die betrokke ander wingerd uit ongewortelde plante van 'n spesie van die genus *Vitis* bestaan, minstens 800mm wyd wees.
[Subparagraaf 5.5.2 vervang deur R. 227 van19 Maart 2021]